# Belowende uitslae uit Belastingseisoen vir Individue

**Tshwane, 13 Desember 2021** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, bedank alle individuele nievoorlopige belastingpligtiges wat hul inkomstebelastingopgawes teen die sperdatum van 2 Desember 2021 ingedien het. Hy het ook dank uitgespreek teenoor alle tussengangers en belanghebbendes wat die versterking van die belasting-ekostelsel ondersteun.

"Sulke vrywillige nakoming wys dat meeste belastingpligtiges die regte ding wil doen en hul wetlike verpligtinge nakom. Ons werk baie hard daaraan om hierdie belangrike taak maklik en eenvoudig te maak deur helderheid en sekerheid te verskaf, terwyl ons aanlynkanale uitbrei waardeur belastingpligtiges met ons organisasie kan sake doen.

Ten spyte van vele uitdagings, insluitend Covid-19-beperkings, beurtkrag en ons eie interne beperkings, is ons tevrede dat ons strategiese voorneme, van die aanmoediging van vrywillige nakoming, geleidelik momentum kry, soos duidelik gesien kan word in die statistieke en neigings vir belastingseisoen wat bemoedigend is onder die omstandighede," het mnr. Kieswetter bygevoeg.

"Hierdie styging in vrywillige nakoming is moontlik gemaak deur 'n virtuele belastingseisoen, wat daarop gemik was om die impak van die Covid-19-pandemie op belastingpligtiges, ons personeel en ander landsburgers te hanteer. Die skuif na 'n virtuele belastingseisoen is toevallig direk in lyn met ons vooruitsig van die bou van 'n slim, moderne SARS wat vertrou en bewonder word."

'n Samevatting van die uitslae van hierdie jaar se belastingseisoen vir individue, toon dat die virtuele seisoen vorm neem en dat ons vooruitsig haalbaar word. Meer as 4.3 miljoen nievoorlopige belastingopgawes is ontvang tot datum. Dit is 'n toename van 46% teenoor verlede jaar.

- Hiervan is meer as 2.6 miljoen deur eFiling ingedien, 'n toename van 7%, met 523 659 opgawes wat deur MobiApp ingedien is, 'n toename van 59%.
- Meer as 306 000 opgawes is deur ons takke ingedien, wat 'n bemoedigende 15% afname is. SARS-agente het belastingpligtiges deur virtuele afsprake geassisteer, of later by takke nadat dit op 16 Augustus heropen het.
- Ons het ook 'n SMS-diens bekendgestel, wat belastingpligtiges in staat gestel het om 'n afspraak te maak, hul belastingnommer aan te vra en na te gaan of hulle 'n opgawe moet indien.

Met die opening van die belastingseisoen op 1 Julie, het ons verskeie verbindings aan belastingpligtiges gemaak oor wat hulle kan verwag. Ek sal sommige van hierdie verbindings hersien teenoor wat bereik is teen die einde van die belastingseisoen op 2 Desember 2021.

1. Ons het SARS verbind tot die uitbrei van die outo-aanslagdiens tot meer as 3 miljoen belastingpligtiges. SARS het hierdie belastingseisoen 3.4 miljoen outo-aanslae uitgestuur. Meer as 2.2 miljoen belastingpligtiges het die outo-aanslae aanvaar, met meer as 1.5 miljoen wat dit sonder enige veranderinge aanvaar het. Dit verteenwoordig 'n 74% aanvaardingskoers van 'n nuwe diens wat aangebied is. Ongelukkig het meer as 630 000 belastingpligtiges nie aanvaar of hul opgawes aangepas nie. SARS sal geskatte opgawes stuur aan belastingpligtiges wat nog geen aksie geneem het nie.

2. Ons het onderneem om aan minstens agt uit elke tien belastingpligtiges met 'n aanslaguitslag te voorsien in onder vyf sekondes. Hierdie jaar is 93% van aanslae in onder vyf sekondes uitgereik. Die vorige jaar was dit 85%.

3. Ons het ook onderneem om minstens sewe uit elke tien belastingpligtiges se terugbetaling, indien van toepassing, binne 72 uur uit te betaal. SARS het hierdie jaar 86% terugbetalings binne 72 uur uitbetaal. Verlede jaar is 77.38% van terugbetalings binne 72 uur uitbetaal. In totaal, het ons meer as R17 miljard in terugbetalings uitbetaal. Die gemiddelde terugbetaling was R11 000.

4. Ons het onderneem om sewe uit elke tien verifiëringsoudits binne 21 dae af te handel. Ons het hierdie teiken van 70% gemis, met slegs 67% van oudit wat binne hierdie tydsraamwerk afgehandel is. Verlede jaar is 62% van oudits binne 21 werksdae afgehandel, dus is daar 'n styging.

Laat ek ook die volgende diensinligting deel om die volumes aan te dui wat SARS hierdie jaar hanteer het. Daar is 1 miljoen eBooking-afsprake gemaak, voor en na takke geopen het, 1.6 miljoen belastingpligtiges se oproepe is deur ons kontaksentrumagente beantwoord, 2 miljoen Help-You-eFile-oproepe is na die kontaksentrum gemaak, en daar was meer as 500 000 instap-belastingpligtiges by ons takke (belastingpligtiges wat nie 'n afspraak gehad het nie).

Ten spyte van die meetbare vordering, sal die organisasie moet hard werk om voortdurend ons diensleweringskultuur en -standaarde te verbeter,

Belastingpligtiges moet kennisneem dat, soos voorheen aangekondig, SARS vanaf Januarie 2022 sal boetes hef waar een of meer opgawes uitstaande is. Voor die verandering in wetgewing, kon SARS slegs boetes hef waar twee of meer opgawes uitstaande was. Belastingpligtiges word aangemoedig om alle uitstaande opgawes in te dien, insluitend die van vorige jare.

SARS het kanale in plek gestel om dit maklik te maak vir belastingpligtiges om nakomend te wees, en ek moedig alle nienakomende belastingpligtiges aan om alle uitstaande verpligtinge na te kom en sodoende by te dra tot die verskansing van 'n kultuur van vrywillige nakoming.

Die kommissaris het afgesluit deur te se dat, "ons vorder stadig maar seker met die herbou van SARS. Ons is bemoedig deur die resultate tot dusver, maar sal leer van hierdie jaar se belastingpligtige-ondervindinge en vorige foute, terwyl ons voortbeur met ons pogings om SARS te moderniseer".

"In die nastrewe van ons strategiese voorneme van vrywillige nakoming, is dit belangrik dat ons ons pogings opskerp om helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges te verskaf, terwyl ons hard werk om dit makliker te maak om nakomend te wees. Ons vermoë om nienakoming na te spoor en daarop te reageer, het terselfdertyd opmerkend verbeter, maar ons moet meer doen om oneerlike belastingpligtiges en handelaars te vervolg en te stuit. Hierdie strategiese oogmerke is lewensbelangrik in ons reis tot modernisering, wat al hoe meer gebou sal wees op 'n platform wat menslike pogings aanvul met data-gedrewe insigte en instaatstellende tegnologie," het die SARS-kommissaris gesê.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.